

# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB CENTURION BOWLS CLUB**

**(www.centurion.bowls-club.co.za)**

**secretary@centurion-bowls.co.za**

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**April 2024 April**

***Freedom is not worth having if it does not include the freedom to make mistakes.*** **Mahatma Gandhi**.

### HOOGTEPUNTE



Op 29 Februarie het die 2024 Twilight-toernooi op 'n hoogtepunt geëindig. Die voorafgaande ses Donderdagmiddae het puik spel van die deelnemende pare opgelewer en almal het die spel en formaat baie geniet - voorwaar 'n kosbare tradisie wat in die klub gevestig is. En ja, hierdie klub het 'n AnC wat hulself onderskei het in puik organisasie en dienslewering - baie dankie, Adri en Conrad Greve - julle was vir die eerste keer aan die stuur van sake, en dit was 'n allemintige sukses!

Die wenners, Hadri Roux en Louie Weber (algeheel, en ook met aantal raakballe), en naaswenners Tiaan Pietersen en Eurica Lawrence, asook Ted Harley en Priscilla Lamprecht in die derde plek, verdien die louere - welgedaan! Die geleentheid is afgesluit met 'n heerlike ete - baie dankie, Pieter en Dalina Brits!










Ons klub se eerste fondsinsamelingstoernooi vir 2024 het plaasgevind op 9 Maart. Dit was voorwaar 'n gesellige en kleurryke affêre, met 26 spanne (ook van verskeie naburige klubs) wat sake uitgespook het in twee sarsies van 12 koppe elk



Die wenspan was dié van Tiaan Pietersen (met spanlede Mari Flint, Hendrina Meaker en Johan Meaker), met die span van Pieter Pretorius (met spanlede Wim van der Waals, Jackie Bester. en Maxi Kroeze) in die tweede plek. In die derde plek was die span van Tertius van de Venter (met spanlede Susaar van Rooyen, Emil Haarhoff en Koos Schoeman). Welgedaan! Alle spanlede kon heerlike versnaperings en ook 'n ete geniet, danksy die puik spyseniering deur Rina Meyer.



En onvergeetlik was die opveil van die eksklusiewe fles Jakob Danièlsoon whisky deur ons eie meesterafslaer Koos Slabber! Die bod is uiteindelik toegeslaan op Hein Nieuwoudt van Meyerspark – hy was eensklaps R2000 armer, en gerugte wil dit hê dat hy glad nie drink nie.....



Om op te som: 'n Skitterende dag en sukses, wat ook danksy die waardevolle bydraes van borge 'n wins van meer as R30 000 vir die klub opgelewer het.

Die worslopie op 14 Maart is oudergewoonte baie goed ondersteun - 48 spelers het in siedende hitte deelgeneem. Johan de Villiers is egter glad nie deur die hitte ontsenu nie, en rol sommer 10 raakballe! Louwtjie de Jager het met die worslouere weggestap, met Ettiene Olckers knap op sy hakke. Welgedaan!

Daarna volg die worslopie op 18 April met wenner Marieta Fourie (met 41 as die hoogste telling ooit!) en naaswenner Nico Rau. Baie geluk en weer eens baie dankie aan Tertius van de Venter vir knap reèlings!.

Die klub is baie trots op Bosman Olivier wat vanaf 17 – 23 Maart 2024 deelgeneem het aan die nasionale rolbaltoernooi vir gestremde rolbalspelers in Somerset-Wes. Knap gedaan! Lees en geniet sy verslag oor sy "Kaapse draai" verderaan.

En dan was daar Lekkerbreek-Weesgerus van 8-12 April. Wat 'n wonderlike ervaring! Herman du Plessis het soos gewoonlik met arendsoog alles dopgehou, en baie dankie vir sy verslag wat verderaan volg. Geniet dit!

**ONS PRESIDENT AAN DIE WOORD**



Dit tref my nou die dag opnuut hoe ongelooflik bevoorreg ons is om tans op sulke heerlike herfsoggende met die pragtige natuur rondom ons, die lekker kuier, die rolbal en die sterk kompeterende gees wat deurlopend deurslaan in ons klub, te kan beleef.

Ek wil graag my dank uitspreek teenoor Thea en David wat dit op een of ander manier regkry om kop te hou met die skedulering van en die gepaardgaande reèlings rondom die verskillende klubkompetisies. Die vlak van deelname aan hierdie kompetisies is regtig 'n bron van vreugde, met verskeie kampioene wat tot op datum reeds gekroon is: Theo (Mans Beginners Enkels), Martelize (Dames Beginners

Enkels), Eurika (Dames Ope Enkels), Hermien en Elize (Dames Gekose Pare), en Herman (Mans Ope Enkels en Mans Veterane Enkels). Baie geluk aan elkeen van julle – julle is ons klub se trots en waardige kampioene!

Wat die Bestuurskomitee betref, verwelkom ons graag vir Zinda en Dalina, wat bereid is om onderskeidelik die portefeuljes van Ontwikkelingsbeampte en Kroegbestuurder op te neem. Hulle gaan ongetwyfeld 'n groot bydrae tot die vooruitgang van die klub lewer. Vanuit 'n bestuursoogpunt word daar tans klem op 'n verskeidenheid van aspekte insluitend die instandhouding van die perke/perseel, die Plus/Minus 75 Pretdag van 1 Mei, spanbou en ander aksies wat vir ons fondse kan inbring, die vestiging van 'n Besigheidsliga (aandspel), ens., geplaas. Dankie aan Johan Meaker wat nie net die grondslag vir die Plus/Minus 75 Pretdag (wat vorentoe 'n jaarlikse instelling gaan word), gelê het nie, maar wat ook saam met Herklaas Meyer die pryse vir die groot veldslag op 1 Mei borg.

Gesels asseblief met my of enige van die Bestuurskomiteelede as julle meer inligting oor die werksaamhede van die klub verlang, of as ons kan help om enige moontlike frustrasies of haakplekke uit die weg te ruim.

*Jurg Odendaal*

**FROM THE TREASURER**

Make bookkeeping easier for the Treasurer by avoiding common errors.
Financial documentation must comply with auditable documentation.

On payables:

- The invoice must have the payable party's full name and banking details.
- If an invoice is not applicable, the request to do a payment must be accompanied by a written notification.
- All payables must be approved by the President.

On payments received:

- Cash payments must be handed to a responsible person on duty at the club. Make sure that it is documented before leaving.
- EFT payments – Members often make payments without references.
- Referencing – Payment must accompany your **name and for what you may pay**. **The club's bank statement does not reflect a member's name automatically, you must enter it yourself.**
- Note - BGN competition entries are invoiced by BGN HQ to the club. Please ensure your payment in this regard. If you withdraw after the closing date, you are still responsible for your payment.

*Marieta Fourie*

**'n KAAPSE DRAAI …… OP DIE ROLBALBAAN.**

Met die herfs wat vinnig nader kruip en die sjampanjeweer wat dit na die Kaap bring, kon byna 50 fisiek gestremde rolbalspelers nie wag om die rolbalbane van Somerset-Wes en Helderberg in Somerset-Wes te betree vir die nasionale toernooi vir gestremde rolbalspelers nie. Die toernooi het van 17 Maart tot 23 Maart geduur.




Saam met die fisiek gestremdes was daar ook omtrent 40 visueel gestremdes met hulle helpers wat ook hulle vaardighede kom toon het.

Vanjaar was daar ‘n ekstra kompeterende gees, want talle van die spelers het uitnodigings ontvang na ‘n oefenkamp voor die Internasionale Toernooi vir Gestremde Rolbalspelers wat vanjaar in Mei in Ekuruhleni aangebied word. BGN het bykans 10 spelers wat in die verskillende kategorieë gaan deelneem.

Hierdie spelers moes uithaal en wys wat in hulle steek, want die ander spelers wat ongelukkig was om nie gekies te word nie, wou wys dat die keurders eintlik ‘n fout gemaak het.

My vriend Hannes van die Vrystaat het probeer om velle te versamel, soos ‘n Springbok- en ‘n Swartwildebeesvel. Die Springbokvel het hy gekry toe hy ‘n bestaande Proteaspeler die loef afgesteek het in hulle enkelswedstryd. Hy kon net nie die Swartwildebees se vel afslag nie, maar hy het moedig probeer.

Die enkelswedstryde is van die Sondag tot Dinsdag afgehandel, met gemiddeld twee wedstryde van 18 koppe per wedstryd per dag. Afhangende van jou groep, kon jy dalk ook ‘n loslootjie of twee tref, wat vir my goeie ruskans gegee het.

Daar word gesê dat ‘n mens vriende maak as jy verloor. Nou, ja, ek het met ‘n sakvol nuwe vriende huis toe gekom. Net een wedstryd gewen, maar my gate uit geniet. Met die pare-kompetisie het ek nóg meer vriende gemaak. Wat ek en Annas in vaardigheid gekort het, het ons in geesdrif en genot opgemaak. Ons “spankleure” het die slagspreuk “I don’t need THERAPY, I only need to play some bowls”, daarop gedruk gehad. Hierdie hemde het uitgestaan en ons moes kort-kort poseer vir fotos.



Aan humor ontbreek dit in so ‘n toernooi ook nie. Een van die nuwe spelers moes inderhaas ‘n plan maak om die kierie waarop hy leun as hy speel aan te pas vir die spesifikasies vir daardie soort hulpmiddel. Hy gryp toe ‘n “plunger” waarmee ‘n mens dreins wat verstop is help om hulle kele skoon te kry en heg dit aan sy kierie. By sy eerste toernooi het “Plunger” soos hy van toe af genoem is, ‘n brons medalje gekry. ‘n Ander kêrel het sy “plunger” kleiner gesny en word toe summier “Badprop” gedoop. Gelukkig het hulle nie my hulpmiddel gesien nie, anders was ek dalk “Wasbakprop”.

Daar was ook een van die beter spelers wat met ‘n rolbalarm soos Leon by ons gebruik, gespeel het, Hy was vinnig “Braaitang” gedoop. Sy maat, in ‘n rolstoel en wat ook met so ‘n arm speel, maar natuurlik baie korter as Leon s’n, is sommer “Slaaitang” genoem.

Die gees onder die spelers is wonderlik om te aanskou, die “wobblies” help die “wheelies” om oor die weg te kom waar nodig. Die siggestremdes maak treintjies as hulle deur die bane en geboue beweeg. Dit lyk soms kompleet soos sirkusolifante waar die een die ander se stert met sy slurp vashou as hulle die arena ingelei word.

Daar was hartseer ook toe ons verneem dat twee van ons makkers, Hennie en Jienie Myburg van Pretoria-Noord, op pad na die toernooi by De Doorns beroof is toe skelms hulle bakkie probeer kaap het. Hulle was erg getraumatiseer, maar het deurgedruk en by die toernooi opgedaag. Hulle kon gelukkig by plaaslike spelers balle te leen kry en het baie goed presteer. Die paartjie is aan die einde van die toernooi bekroon met medaljes vir die “Beste Gees” by die toernooi.

Op die laaste dag van die toernooi is al die finale rondtes afgehandel. Dit het my as BGN-man trots gemaak om te sien hoe drie van die vier spelers in die mans pare se finaal van BGN af gekom het. Talle ander BGN spelers was ook betrokke in ander finale en semi-finale wedstryde, wat beteken het dat omtrent tien medaljes na BGN gekom het aan die einde van die toernooi.

By die afsluiting is die uitdeel van medaljes en toerusting vir die nuwe en bestaande Protea-spelers en die lede van die SA Uitnodigingspan luidkeels toegejuig, elkeen van ons trots daarop om deel van so 'n wonderlike groep vriende te wees.

*Bosman Olivier*

**WEESGERUS/LEKKERBREEK 2024**

Op Maandag 8 April het 39 van Centurion Rolbalklub se lede die pad na Nylstroom en Weesgerus in reënerige omstandighede aangedurf vir 'n week van rolbalpret.

Lekkerbreek is nie meer nie… en dit was vir almal 'n ope vraag hoe die "nuwe" omstandighede gaan wees by Weesgerus.

Die middag laat is ons bymekaargeroep vir 'n "ken mekaar" in die eetsaal. Onpartydige Ernst het sy onpartydigheid met sy kleredrag beklemtoon. Hy was keurig uitgevat in Rooi, blou, geel en Groen (let op die hoofletters......).






Ernst het met leidrade die teenwoordiges laat raai wie voorgestel word. Die Weber- braai het Louie en Stephan se identiteit weggegee, Duitse "Herr" het Herklaas en Herman uitgeken en ons het onraad vermoed toe AAA Adri en Conrad voorgestel het.

Die "nuweling-Wegbrekers" het daarna kans gehad om hulself voor te stel. Ons het heelwat te wete gekom:

●Die McCabes is beide van Pietersburg en is beide prokureurs, en een kan selfs in Frans regspraak lewer.

●Leslie is ons hoop om ons paaie veiliger te maak met haar werk met die taxi's en busse se versekering.

●Dorina is nie net die model van die mannetjie op ons rolbalhemde nie, maar val ook as sy rol.

●Freda en Gert keer na baie jare weer terug na die Lekkerbreek week.

●Daleen, Tertius se beter helfte, kom van Kiepersol af, 'n plekkie in die mooiste Laeveld, en het vir Tertius op Tukkies by 'n bokjol gevang.

●Rentia, Oom Kas se vrou, delf in die geskiedenis van mense se herkoms, en verder hou sy vir Oom Kas in toom. Sy doen egter beter met die eerste taak.

●Herklaas en Louisa is nog op "honeymoon", en Wim, Martelize se man, sorg dat die paaie in die land op standaard bly, terwyl Martelize al 'n kind se lewe gered het.

Ons sien dus dat die "nuwe" lede van die groep veelsydig en toegewyd is.

Dinsdagoggend is die hele konvooi na Kokanje Aftreelandgoed toe, waar ons hartlik deur hulle voorsitter (president), Rodney Robinson, ontvang is. Hy is ook 'n voormalige president van ons klub.

Die eerste wedstryde is gespeel, en daar was die gewone klomp wat "wrong biases" gerol het, omdat hulle wou proe watter vuurwater Elize die aand gaan opdis, as straf.

Die krete van die vier spanne is toe opgevoer: Die Pom-Pom paddas het gekwaak, en elke lid van die Groenspan het 'n pragtige inheemse Paddanaam gekry, wat hulle met trots gedra het. Nodeloos om te se, was Jurg die Grootbaas Brulpadda.

Die Blouspan het gedreig om die ander spanne se balle te kou, die Geelspan het pragtig gesing, en die Rooispan het baie geraas gemaak.

Na spel het sommige van die groep die buitelug warm swembad aangedurf en die noemenswaardige gebeure daar het ingesluit dat Adri in die swembad inval, en Ernst met bril en al swem.



Die aand se ete is voorafgegaan deur die dag se strafdoppe vir die gewoontemisdadigers wat "wrong biases" gerol het, en hulle besittings oral laat rondlê het. Louie het na die "spider" voor die oggend se spel besluit om haar bal net daar in die middel van die baan te los, en was die eerste een wat moes sluk.

Hendrina se verjaardag is toe ook sommer deeglik gevier, en Johan moes sy bakkie loop haal om al die presente te kon vervoer.

Daar is toe "dice bowls" gespeel met rolbaltelkaarte, en Gert, Herman en Louie het as oorwinnaars uit die stryd getree, danksy Gert se ongelooflike vaardighede met die dobbelstene.

Woensdag is die konvooi na Nylstroom Rolbalklub toe weens plaaslike rolbal by Kokanje. Weereens is ons verwelkom deur die gasheerklub, en kon ons nuwe vriendskappe sluit.

Woensdagaand is die gewoontemisdadigers weer "gestraf", en is die aand afgesluit met 'n vasvra wat gewen is deur die Groenspan.

Donderdag is die konvooi weer Kokanje toe, en die laaste wedstryde is daar gespeel.

Donderdagaand se ete is afgesluit met die prysuitdeling en so is Dorina gekroon as die speler van die week by Lekkerbreek/ Weesgerus 2024. Louie was die "Toucher Queen", en die Groenspan het met die spankompetisie koning gekraai. Ons moes toe weer na die Pom Pom meisies en hulle basse luister.



Die aand is verder opgevrolik met 'n solo dansvertoning deur 'n gemaskerde dame. En toe verskyn Frank Sinatra in volle ornaat op die dansvloer, tot groot plesier van die gehoor. Die daaropvolgende dansvertoning was meesterlik en onvergeetlik! Ons het net weer besef: Daar is net een manier van doen, en dit is "My way"!

Vrydagoggend is daar groot ontbyt geëet, waarna almal die pad terug Centurion toe aangepak het. Daar moet nog besin word oor die naam van die week: Was dit Lekkerbreek op Weesgerus, of was dit dalk Lekker gerus op Wees gebreek, of dalk Lekker gebreek op Weesgerus?



Dankie aan Thea, Zinda en Tillie vir julle wonderlike reëlings. Dankie aan ons Vader in die hemel wat ons so seën met gesondheid om nog te kan deelneem aan sport, en wat ons so in sy hand bewaar op die pad en tydens die week.

*Herman du Plessis*

**VANWAAR GEHASI?**

**Nico Rau**



My oupa-grootjie was gebore in Pleschen, Pole. Hy het in 1882 vanaf Punitz in Durban gearriveer met 'n stoet Merino skape. My oupa, Oscar Rau, het in Duitsland gaan studeer as meganiese ingenieur. Hy was later dorpsingenieur van Reddersburg en hoofingenieur van Alexanderbaai. Vandaar het hy verhuis na Johannesburg waar hy gewoon het tot sy aftrede. Ek deel hierdie agtergrond maar net omrede ons so 'n seldsame van het. My pa is gebore in Alexanderbaai.

Ek is gebore in Menlopark hier in Pretoria, en het skoolgegaan in Laerskool en Hoërskool Menlopark. As kind het my pa vir my rolbalballe gekoop waarmee ek ure se plesier gehad het deur lekker te rol op die groot grasperk by ons huis. Na skool was ek vir twee jaar weermag en grens toe. Ek het toe ook "pool" en "action cricket" gespeel. Ek is baie lief vir "gaming". Die tegnologie wat so vinnig verander, vereis dat 'n mens heeltyd moet bybly.

Ek is getroud met Dina in 1995 en ons het geen kinders nie. Ons het Veronica 'n paar jaar gelede ontmoet in die kompleks waar ons woon en gou was ons baie goeie vriende. Sy het ons altyd vertel van haar lekker rolbaldag as sy terugkeer by die huis. Laasjaar het sy ons genooi na 'n fondsinsameling by Munies waar ons toe as nie-rolbalspelers ingeskryf het. Daar het die gogga my behoorlik weer gebyt, en teruggeneem na my kinderdae. Net daar het ek besluit dat ek weer wil begin speel. Wel, die res is nou geskiedenis. Ek is nou so ses maande by die klub en al wat ek kan sê is: Dit is die beste klub in die land! Die mense is fantasties. Hier wil ek bly speel tot ek nie meer kan nie, en dan nog aangaan. Hopelik kan ek nog hoë hoogtes bereik met rolbal en die klub baie trots maak.

**BESTUUR**

Sake wat tydens die bestuursvergaderings op 15 Maart en 5 April bespreek is, kom grootliks elders in hierdie uitgawe ter sprake, of word per WhatsApp aan lede deurgegee.

Belangrike datums vir 2024 is die volgende:

| | |
|---|---|
| 1 Mei: | Pretdag: 75+ teen 75-. |
| 11 Mei: | Jaarlikse Meyerspark–Centurion byeenkoms, te Centurion. |
| 11 Junie: | Meyerspark Fondsinsameling |
| 27 Julie: | Vierhoekige byeenkoms (Villieria, Centurion, Lynnwood, Bronkhorstspruit) te Centurion: |
| 3 Augustus: | Fondsinsameling |

Die volgende bestuursvergadering vind plaas op 3 Mei 2024.

**KOMPETISIES**

**Klub**

Die klubkompetisies is in volle swang en het reeds opwindende resultate opgelewer. Baie geluk aan die volgende wenners!

| | |
|---|---|
| Beginners Enkelspel, Mans: | Theo Munroe |
| Beginners Enkelspel, Dames: | Martelize Prinsloo |
| Ope Enkelspel, Dames: | Eurika Lawrence |
| Ope Enkelspel, Mans: | Herman du Plessis. |
| Veterane Enkelspel, Mans: | Herman du Plessis |
| Gekose Pare Dames: | Hermien Velleman en Elize du Plessis. |

**BGN en Liga**

Verskeie klublede het op BGN-vlak meegeding en het die klub met onderskeiding verteenwoordig:

Gemengde Pare: Ernst en Zinda Müller, Dorina du Plessis en David Engela, Hadrie Roux en Maria Steyn, Eurika Lawrence en Tiaan Pietersen, Brian Kleingeld en Hermien Velleman.

Beginners Enkelspel, Mans: Barend Lundie (2e rondte), Eidel Bock, Jaco Immelman (2e rondte), David Engela, Piet Swemmer (2e rondte).

Veterane Enkelsspel, Mans: Brian Kleingeld.

Ope Enkelspel, Mans: Jaco Immelman (laaste 8), Tiaan Pietersen (2e rondte), Barend Lundie

**ROLBALONTWIKKELING**

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds ŉ groot sukses, met telkens ŉ aantal kandidate wat wil speel op die waglys. ŉ Baie spesiale dankie weer eens aan Leon Smith vir al sy moeite!

Tydens die Weesgerus rolbaluitstappie van 8 – 12 April was ons bevoorreg om van Kokanje Rolbalklub se bane gebruik te maak. In hulle klubhuis is ŉ puik, kernagtige samevatting van etiketbeginsels en –praktyk in rolbal aangebring. Dit is leesstof wat elke toegewyde rolbalspeler maar weer en weer moet lees. Met volle erkenning en dank aan hulle word dit hier weergegee:

*ETIKET EN HOFLIKHEID IN ROLBAL*

*Rolbal moet in ‘n sportiewe en vriendelike gees benader word in ‘n atmosfeer van kameraadskap en gesellige verkeer om die genot wat ‘n speler uit die spel put, te bevorder.*

*SPANETIKET*

*Begin (en eindig) spel met die skud van hande nadat die Skippers bepaal het watter span eerste op die mat is. Die span wat 2e speel se Lei plaas die span wat eerste moet speel se Lei se bal by die voorste hoek (links) van die mat.*

*Wanneer iemand op die mat staan en gereed maak om sy/haar bal af te lewer, moet die ander spelers stil wees. Spelers moet stil staan en stilbly en nie onnodig rondbeweeg terwyl die spel aan die gang is nie. Spelers kan met mekaar gesels terwyl hulle oorbeweeg na die oorkantste kop.*

*Moet asb nie gesprekke met medespelers en/of toeskouers aanknoop terwyl spel aan die gang is nie.*

*Indien die mat geskuif het:*

- *Mag jy dit weer in die oorspronklike posisie plaas;*
- *Nadat jy jou bal afgelewer het en jy het die mat geskuif, plaas dit weer reg voordat jou opponent die mat betree.*

*Spelers moet minstens 1meter weg AGTER die witbal of bo-op die wal staan.*

*Geen kommentaar mag gelewer word op die bal wat afgelewer is nie. Moet VERAL nie aan 'n Skipper beduie hoe hy/sy moet speel nie. Die Skip weet beter as jy as sy/haar bal nie na wense afgelewer is nie. As die Skip spesifiek iets vra oor sy/haar bal, mag SLEGS die Derde kommentaar lewer.*

*Moenie verskoning maak vir swak spel of jou spanmaats se spel kritiseer nie.*

*Moenie die perk die skuld gee vir jou swak spel nie. Dit is onsportief. Buitendien speel almal op dieselfde perk.*

*Gee erkenning vir 'n goeie skoot van jou spanmaat – of teenstaander – en moenie kla oor 'n gelukskoot of indien 'n skoot weggegee word nie*

*Moenie met die Skipper stry of redeneer wanneer gevra word vir 'n bepaalde skoot nie. Aanvaar die Skipper se goeie oordeel. Hy/sy vra 'n bepaalde skoot vir 'n bepaalde doel.*

*Beweeg slegs na die koppunt nadat die laaste bal tot stilstand gekom het. Dit is ongeskik om voor die tyd oor te loop na die ander kant toe.*

*Wanneer die punte aan die einde van 'n kop bepaal word, mag slegs die Derdes dit doen. Geen inmengery nie. Die ander spelers moet uit die kop staan en geen bal mag versteur word nie. Die Derdes se beslissing is finaal.*

*Die span wat tweede speel, se Tweede/Derde skryf die punte op die bord.*

*KONSENTREER op jou eie spel vir die volle duur van die wedstryd*

*Om respek van jou medespelers te verwag, beteken dat jy ook respek teenoor hulle moet betoon.*

*Wees te alle tye 'n dame/heer.*

## *ETIKET VIR DIE EERSTES EN TWEEDES*

*Plaas teenstaander se bal langs die mat terwyl hy die wit balletjie rol*

*'n Eerste bespaar tyd wanneer dit sy/haarbeurt is om eerste te speel as hy/sy dadelik die mat en die witte neem (voordat al die balle bymekaar gemaak is) en voortgaan met die plasing van die mat. Sodra die Skipper aandui dat die witte gerol kan word, kan die Lei dit doen terwyl die ander spelers die balle bymekaar maak en die telling neerskryf.*

*Tweedes behoort op die mat te wag vir die Skipper se opdragte en dit te gehoorsaam sonder om 'n alternatief voor te stel.*

*Dit is nie etiket vir die Eerstes en Tweedes om Derdes of Skippers raad te gee nie.*

*Moet nooit agter die Derde se rug iets aan die Skipper beduie nie.*

*Bepaal jou aandag by die spel vir die volle duur daarvan*

*Dit is nie etiket om jou bal te speel en daarna nie belang te stel in die ontwikkeling en uitslag van die kop nie. Bly staan op die mat totdat die bal tot stillstand gekom het. Eers daarna beweeg jy van die mat af.*

*Toon belangstelling in die uitslag van die kop sonder om in te meng*

*Om onaangenaamheid en moontlike argumente te voorkom, mag die balle nie verwyder of versteur (of bymekaar gemaak word) ALVORENS beide Derdes ooreengekom het oor die getal skote en die telling bepaal is nie.*

## *ETIKET VIR DIE DERDES*

*Dit is nie etiket om te redekawel oor watter bal die skoot lê nie. Moenie om die kop loop om dit van verskeie kante te bekyk nie. Indien daar enige twyfel bestaan, meet dadelik.*

*Indien 'n teenstaander nalaat om 'n skoot te tel wat moontlik in sy guns kan tel, stel voor dat dit gemeet word. Dit is sportiewe vertolking van etiket wat op prys gestel word.*

*Dit word algemeen aanvaar dat 'n "pratende" Derde 'n las vir enige span is.*

*Derdes behoort nie raad aan te bied as die Skipper die kop verlaat om sy/haar eerste bal te gaan speel nie, TENSY die Skipper die kop wel wil bespreek.*

*Indien die kop wel verander, mag die Derde raad aanbied, MITS hy/sy deur die Skipper gevra word om te verduidelik wat in die kop aangaan.*

*Die Derde moet dit egter aanvaar indien die Skipper sou besluit om sy/haar eie oordeel te volg en nie volgens die Derde se voorstel te speel nie.*

## *ETIKET VIR SKIPPERS*

*Die bewakers van etiket op die perk is die Skippers. Hulle is daar weens ervaring en speelvermoë. 'n Skipper VERDIEN sy/haar posisie op grond van jare se ondervinding en die handhawing van 'n sekere, konstante spelpeil.*

*Skippers wat voldoen aan die etiketreëls sal bydra tot die genot van hulle spanmaats en teenstaanders se spel.*

*Om 'n goeie skoot van 'n teenstaander of spanmaat te erken, bevorder die gees van die spel.*

*Skippers het alleenbeheer oor hulle spanne en hulle opdragte moet deur hulle spelers uitgevoer word.*

*Die Skipper behoort nie ergerlik te wees of teleurstelling te toon as 'n spanmaat swak speel nie. Onthou, die speler wat die swakste speel, probeer die hardste. Onthou ook dat lyftaal gevoelens verraai.*

*Skippers moet nie inmeng indien gemeet word nie, behalwe wanneer die Derdes twyfel.*

*Geen reël verbied 'n Lei of 'n Tweede om 'n opmerking oor die situasie in die kop te maak indien die Derdes twyfel oor 'n skoot, of om 'n probleemskoot uit te wys nie. Dit beteken egter nie dat hulle mag inmeng nie. Hulle moet steeds uit die kop bly.*

*Dit is uiters onbedagsaam van Skippers om onderling aan die gesels te raak en sodoende tred te verloor met die verloop van die spel en gevolglik hulle pligte te versuim.*

*Sodra 'n bal deur 'n spanlid afgestuur is en tot stilstand gekom het, moet Skippers na 'n posisie agter die witte terugtree. Sodoende dra hy besit van die kop oor aan die opponerende Skipper.*

*Nadat opdragte aan die speler op die mat gegee is en die bal afgelewer is, moet die Skipper wegbeweeg van die kop om sodoende aan alle deelnemers die geleentheid te gee om te sien hoe die bal rol en waar dit tot stilstand kom.*

*Nadat die bal tot stilstand gekom het, mag geen verdere opdragte gegee word of enige kommentaar hoegenaamd gelewer word nie.*

*Nadat die Skipper die laaste bal in 'n skof gespeel het, behoort die opponerende Skipper die mat op te tel en agter op die wal te plaas.*

*Kokanje Rolbalklub*

**LEDESAKE**

**Verjaarsdae in Mei**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | Wim vd Waals | 18 | Gert Goosen |
| 10 | Alan McGregor | | |
| 10 | Koos Slabber | 21 | Andries Steyn |
| 13 | Wally Smith | 22 | Anton Deetlefs |
| 15 | Jannie de Beer (erelid) | 24 | Corey Marais |
| 16 | Karien Roos | 25 | Louis Botha |

**Verjaarsdae in Junie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Emma McCabe | 21 | Jurg Odendaal |
| 2 | Bertie Loots | 27 | Hessie de Lang |
| 8 | Johan Ehlers | 27 | Suzette Strydom |
| 11 | Hadri Roux | 28 | Veronica Bannenberg, |
| 15 | Herklaas Meyer | 28 | Lesley McCabe |
| 19 | Nick Roelofse | 28 | Maria Steyn |
| 20 | Leon Smith | 29 | Johan Lamprecht |

**Nuwe lede**

Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier, Hermien Velleman en Leon Smith.

**Lief en leed**

Piet Schutte ervaar steeds uitdagings met sy gesondheid.

Ons innige meeevoel met Magdaleen en gesin met die heengaan van Stani Antonites. Sterkte met die verwerking van die groot verlies.

**Speeltye (Winter)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 9:15 vir 9:30

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 9:15 vir 9:30

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:00 vir 13:30

Spel word Saterdae in rolbaldrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook rolbaldrag aan.

**Finansies**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die Klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2023.

Status ouderdom, 1 Julie 2022

| Kategorie | Ledegeld | Affiliasie | Totaal |
|---|---|---|---|
| Bo 75 | R1620 | R520 | R2140 |
| Onder 75 | R1830 | R520 | R2350 |

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die tesourier gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

**Boeke**

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**GREENS AND FACILITIES**

The upkeep of the greens and facilities is a continuous challenge. Bosman Olivier and Ernst Müller (greens) and Etienne Olckers (facilities) deserve our unreserved appreciation for their dedication to each and every task. Many thanks!

**KLEINJAN**

*Goeie dag ma. Ek moet sê ek is skuldig daaraan dat ek so lank gewag het om weer van my te laat hoor. Ek was so ŉ besige by die werk met ons nuwe projek dat ek maar laat by die huis kom, en dan moet ek nog na al die ou normale dingetjies omsien voor ek op my louriere kan gaan rus.*

*Ons maak mos nou weer ŉ nuwe soort tandestokkie wat mens meer as een keer kan gebruik. Die ou soort was mos net aan een kant skerp. Die nuwes word aan altwee kante skerp gesny en dan moet dit nog elkeen in ŉ klein papiersakkie gepak word ook. Dit het darem gesorg vir werkskepping, want daar is nou drie werkers op elke stokkie. Een op elke punt en een op die verpakking ook.*

*Ek is so bly dat die ergste hitte gebreek is. Mens kan al stadigaan begin om die warm goedjies te soek waar jy dit weggepak het vir die winter, wat katvoet nader sluip soos ŉ werklose in die nag. Ek dink hierdie jaar gaan die lappieskombers wat ma vir my ge-hiekkel het weer baie handig te pas kom. Ek het mos die groot een wat op my bed pas en dan die twee kleintjies ook wat ek oor my bene gooi, as ek in die koue aande tv kyk.*
*Ma, dit klink mos asof kasterolie goed is vir enige iets. Een lit het mos so krampe op sy oorvol maag gehad. Tannie Judif gee vir hom ŉ botteltjie wat sy uit haar groot bottel vir hom volgemaak het. Op die botteltjie staan toe "take one teaspoonfull three times a day, after meals. Keep out of the reach of children." Hy sê hy het binne drie dae vier en ŉ half kiloes verloor, asook twee onderbroeke gedurend twee uur en drie uur in die nag. Die botteltjie is nou so te sê leeg. Die krampe is egter baie beter en sy maag is meer plat.*
*Ek het toe die drie honderdrandnote wat ek vir die maer jare weggesteek het opgespoor. Dit was onder my bed. Ek het mos gespringclean en toe ek die bed wegskuif, raai net wat? Daar lê die plastiekpakkie met al drie die hondertrante nog net so mooi soos ek dit daarin gesit het. Die plooie op die ou president se gesig het nie eens verander nie. Ek het dit nou op ŉ ander plek weggesteek net om nie weer te vergeet waar dit was soos die eerste keer nie. Ek gaan vir niemand sê nie.*

*Ek het toe die skokbrekers wat ek vir my bakkie gebestel het gekry. Ons vorige klub president het my gehelp om dit in te sit. Hy het op sy drink stoeltjie gesit met sy wyn en my van raad bedien. My bakkie skok nou weer en loop weer soos in ŉ droom.*

*Ons eerste fondsinsameling vir ons klub was weer so ŉ groot sukses dat dit amper onbeskryflik is om te vertel. Daar was weer spelers van heiden en vêr wat geondersteun het. Lekker kompeterende spelle was aan die orden van die dag met goed georganiseerde organisasie van almal wat hulle se hande aangebied het. Een speler van ŉ ander klub wat nie eens alkihol gebruik nie, het die bottel wieskie wat oom Haans en ta Marshieha geskenk het, wat in die opvyling was vir tweeduisende rand gekoop. Die afslaaner, oom Koos, was so goed dat hy tot van ons ouer gardes sou kon verkoop het as hy sou gewil het. Oom Johannes, sy gade, tannie Heneriena en hulle twee ander litte van hulle span het die overall dag se kompetisies gewen. Hulle het dadelik besluit om met die koevertgeld vliegtuigkaartjies te bestel om vir hulle familie te gaan kuier.*

*Ma, Dedrei van neef Hans se vrou, wat nou in stannert ses is, gaan vooruit in die skool. Sy is gekies op die junior leerlingraat en is ook in die onder veertien A netbalspan ingesluit. Sy is mos so mal oor sport. Haar broer Schalkie is by Soltek besig met sy dieselmecheniek oplyding. Hy gaan ook nog in die hoogtes bereik.*

*Die twaailaits wedstryde het ook goed afgeloop. Ek kon nie ŉ eerste plek saam met my mede twaailaiter kry nie maar ons het baie lekker geëet na die reeks. Ons het in die laat middag gespeel soos in semmie nightshift. Ek vermoed my visie was beperk.*

*Die klub kampijoenskappe is ook goed op dreef. Ma sal nie glo nie maar ek het tweede gekom met die nowises. Net een ou het my gewen. Dit was vir my snaaks want gewoonlik kom ek derde, maar ŉ mens kry nie ŉ derde in singles nie. Ek moet nou gaan regmaak vir die gemengde pare. Dit gaan nogal tawwe games wees. En ek moet nog ŉ date kry. My broek bewe weer bietjie soos destyds met die matriekafskeid.*

*Praat later weer. Groete vir klein Kosietjie ook, al is hy so ŉ luigat.*

*Kleinjan.*

**..... AND IN CLOSING**

Player A (the third) collapses on the green just as Player B (the skip) is about to let go of his bowl. The other players call out in shock to B to stop. B has a close look, and then responds: “It’s OK, I can draw around him.”

o-O-o

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com., praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls-club.co.za en ook by : https://centurionrolbalklub.shutterfly.com. (Foto’s)

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.

minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.